HUISGELOOF EN GROEIGROEP MATERIAAL

Huisgeloof en Groeigroepmateriaal

SONDAG 05 NOVEMBER 2023
Tema: Wie is ek eintlik?

BEGIN SAAM GESELS

- Was jy al ooit op die regte plek op die regte tyd vir iets wonderliks? Wat het gebeur? Hoe het jy gevoel?

- Wat van Ds Dirkie se boodskap het die meeste impak op jou gehad? Wat het vir jou uitgestaan?

BEGIN SAAM DIEPER DINK

- Het jy al ooit God se momentum en beweging in jou lewe ervaar? Hoe het dit gelyk? Hoe kon jy sê?

BEGIN SAAM LEES

Prediker 9:11
11 Verder het ek in hierdie wêreld gesien:
dit is nie die vinnigstes wat die reisies wen nie,
nie die sterkstes wat die oorlog wen nie,
nie dié met wysheid wat kos het nie,
nie die verstandiges wat ryk word nie,
nie dié met kennis met wie dit goed gaan nie.
Alles word bepaal deur tyd en geleentheid.

Johannes 5:17
17 Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook."

Johannes 5:19
19 Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: "Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so.

- Wat staan vir julle uit?
- Hoe help hierdie teks om ons rol te verstaan as gelowiges?

BEGIN SAAM DEEL

- Gesels oor die volgende bekende stelling: *"God is working, even if you don't see it or feel it"*
  - Is dit waar?
  - Hoe werk God?
  - Wat kan ons dit in hierdie tye?
- Watter plan dink jy het God met ons as Sy kinders? Wat is die groot opdrag aan ons? Hoe kan ons deel wees daarvan/ wat kan ons doen en waar begin ons?
- Hoe weet ons waar en hoe God werk?
- Hoe kan ons meer oop wees vir God se tyd en plek in ons lewe?

BEGIN DOEN

Voeg dit elke dag by jou gebedstyd. "God, wys my waarheen U vandag beweeg. Gee my die moed om alles te laat vaar en U leiding te volg."

Wat kan ons prakties doen om aan te sluit waarmee God reeds besig is? Hoe ondersteun ons as huis/ groep mekaar hierin?

Gee goeie praktiese raad vir mekaar. Julle kan dit ook lys op die nota bladsy.

BEGIN SAAM BID

God, ons wil eintlik net aan boord kom met wat U doen. Sal U ons wys waarheen U reeds beweeg sodat ons in die momentum kan spring? Heilige Gees, gee ons die moed om ons planne te laat vaar en U s'n te volg. Amen!

Huisgeloof en Groeigroepmateriaal

SONDAG 05 NOVEMBER 2023
Tema: Wie is ek eintlik?

Notas